# BID VIR ONS HEILIGE VADER POUS LEO XIV



# BID VIR ONS HEILIGE VADER
# POUS LEO XIV

AFRIKAANS KATOLIEK

© 2025 - Die Oratorium Uitgewery
Slegs die amptelike goedgekeurde tekste word gebruik

Wolfweg 29, Oudtshoorn, 6620
Tel.: +27 44 2039600 • www.afrikaanskatoliek.co.za

# INHOUDSOPGAWE

| | |
|---|---|
| Pous Leo XIV se amptelike portret | Voorblad |
| Inleiding | Bladsy 4 |
| Gebed vir die Nuutverkose Pous | Bladsy 5 |
| ‘n Noveen vir die Pous | Bladsy 5 |
| ‘n Noveen vir die Pous | Bladsy 6 |
| Bid vir die Pous se Intensies | Bladsy 7 |
| Pous Leo XIV se wapenskild | Agterblad |

# INLEIDING

***"Habemus papam!"*** Ons het 'n Pous!



Op 8 Mei 2025 is Robert Francis Kardinaal Prevost tot pous verkies en het hy die naam [Pous] Leo XIV aangeneem.

Hy is in 1955 buite Chicago gebore en hy is die eerste Amerikaans-gebore Pous en die eerste lid van die Orde van Sint Augustinus wat die amp beklee. Hy het as 'n sendelingpriester in Peru gedien en is later as die Biskop van Chiclayo, ook in Peru, gewy. Twee jaar gelede het wyle Pous Franciskus hom aangestel as die Prefek van die Dikasterie vir Biskoppe en die President van die Pontifikale Kommissie vir Latyns-Amerika. Dit was ook in 2023 dat Pous Franciscus hom tot Kardinaal verhef het.

Sluit asseblief by ons aan soos ons vir Pous Leo XIV en sy intensies bid en mag God hom en die Kerk seën!

## GEBED VIR DIE NUUTVERKOSE POUS

God, ewige herder van die gelowiges, U wat u Kerk op ontelbare maniere versorg en haar in liefde regeer, verleen dat u dienaar, Pous Leo XIV wat U as verteenwoordiger van u Seun oor u volk aangestel het as herder van u kudde altyd u volk vooruit sal gaan en ‘n getroue leermeester van u leerstelling vir hulle sal wees; ‘n biddende en heilige dienaar. Deur Onse Here Jesus Christus, u Seun, wat met U in die eenheid van die Heilige Gees, leef en heers, God, vir ewig en altyd. Amen.

## ‘N NOVEEN VIR DIE POUS

Here, bron van ewige lewe en waarheid, gee aan u herder 'n gees van moed en regte oordeel, 'n gees van kennis en liefde. Deur diegene wat aan hom toevertrou is getrou te bestuur, mag hy, as opvolger van die apostel Petrus en stedehouer van Christus, u Kerk tot 'n sakrament van eenheid, liefde en vrede vir die hele wêreld uitbou. Amen.

***V/*** Laat ons bid vir die Pous.

***R/*** Mag die Here hom bewaar, hom 'n lang lewe gee, hom geseënd maak op aarde, en hom nie oorgee aan die mag van sy vyande nie.

***V/*** Mag u hand op u heilige dienaar wees.

***R/*** En op u seun, wat U gesalf het.

- Onse Vader *bl. 6*
- Wees gegroet Maria *bl. 6*
- Eer aan die Vader *bl. 6*

- **DIE ONSE VADER-GEBED**

**V/** Onse Vader wat in die hemel is, laat u naam geheilig word; laat u koninkryk kom, laat u wil geskied soos in die hemel net so ook op die aarde.

**R/** Gee ons vandag ons daaglikse brood, en vergeef ons, ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe, en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die bose. Amen.

- **DIE "WEES GEGROET-GEBED"**

**V/** Wees Gegroet, Maria, vol genade, die Here is met u. Geseënd is u onder die vroue en geseënd is Jesus, die vrug van u skoot.

**R/** Heilige Maria, Moeder van God, bid vir ons sondaars, nou en in die uur van ons dood. Amen.

- **DIE EER AAN DIE VADER-GEBED**

**V/** Eer aan die Vader, en aan die Seun en aan die Heilige Gees.

**R/** Soos dit in die begin was, so ook nou en altyd, tot in alle ewigheid. Amen.

# BID VIR DIE POUS SE INTENSIES

Benewens die bid van die Heilige Rosekrans vir die intensies van die Heilige Vader, kan jy ook tydens jou môreoffer van die dag die intensies aan God opdra. Daar is verskeie môreoffer formuliere in omloop in die Kerk waarvan gekies kan word. Hier volg moontlike vorme van gebede vir die Pous wat gebruik kan word:


## A. As deel van 'n Oggendoffer

O Jesus, deur die Onbevlekte Hart van Maria, bied ek U my gebede, werke, vreugdes en lyding van hierdie dag aan vir al die intensies van u Heilige Hart, in eenheid met die Heilige Offer van die Mis regoor die wêreld, vir die redding van siele, die vergoeding van sondes, die hereniging van alle Christene, en in die besonder vir die intensies van die Heilige Vader. Amen.

## B. Die Pous, deur die Wêreldwye Apostolaat van Gebed, nooi ons uit om saam met ander Katolieke te bid vir sy maandelikse intensie

O Jesus, deur die Onbevlekte Hart van Maria, bied ek U my gebede, werke, vreugdes en lyding van hierdie dag aan in eenheid met die Heilige Offer van die Mis regoor die wêreld. Ek bied dit aan vir al die intensies van u Heilige Hart: die redding van siele, vergoeding vir sonde, en die hereniging van alle Christene. Ek bied dit aan vir die intensies van ons biskoppe en van alle Apostels van Gebed, en in die besonder vir diegene wat deur ons Heilige Vader hierdie maand aanbeveel word.

Katolieke wat die Rosekrans in 'n groepsverband of individueel voor die Allerheiligste Sakrament bid, kan 'n volle aflaat verkry onder die gewone voorwaardes, insluitend geldige bieg, ontvangs van Heilige Kommunie, en gebede vir die Pous en sy intensies.


IN ILLO UNO UNUM